is mensevriende deurdat hulle baie skadelike insekte opeet wat ons veel las sou veroorsaak. In plaas van hulle dood te maak, moet ons hulle liewers beskerm sover as dit in ons vermoë is.

TANNIE.



5. Wagter.

Klein Nettie het voor in die kamer
met haar poppies een oggend gespeel;
haar broertjies en sussies was skool toe,
dit begin haar nou erg te verveel.

Die son skyn so lief in die tuintjie,
dis so eensaam en koud in die huis;
en stilletjies sluip sy na buite,
by die deur uit so stil soos 'n muis.

Maar Mammie merk nou daar is onraad;
o, waar kan haar dogtertjie wees?
Sy soek toe van kamer tot kamer
en word bleker van angs en van vrees.

G'n stemmetjie hoor sy daar buite
en g'n krulkop kan sy gewaar
wat skitter soos goud in die sonlig,
en g'n voetstappies hoor sy nou daar.

Oplaas het die raad'lose moeder
na die put in die tuintjie gegaan . . .
Met tande styf beet aan haar rokkie
het Wagter, die hond, daar gestaan.

En ver oor die randjie leun Nettie,
om te staar op die water benee;
'n handbreed nog en sy's verlore!
maar ou Wagter trap vas en hou teë

Tot Mammie haar kindjie kom optel
en so teer aan haar boesem kon druk:
„En hoekom het Moeder se liefling
dan so ver oor die randjie gebuk?"

„Daar diep in die water," snik Nettie,
„was 'n dogtertjie, o, tog so mooi!
Stout ou Wagter wou my nie laat los nie
en sy 't my tog so vriend'lik genooi."

Begryp julle waarom ons almal
tog so teer vir ou Wagter bemin?
Hy's een van ons beste ou vriende,
hy is een van ons huisgesin.

THEO. W. JANDRELL.

6. Groen soldaatjies.

Hennie-hulle het in 'n stad gewoon waar die water maar skaars was, sodat Hennie nie veel kans gehad het om te leer tuin maak, of saai en plant nie.

Op hulle werf was daar een mooi akker wat leeg gelê het. Een middag het Pa lang lyne styf oor die akker gespan; onder elke lyn maak hy 'n voortjie.

„Wat gaan Pa nou maak?" vra Hennie.

„Hierdie geel kêreltjies moet daarin begrawe word," antwoord Pa.

Hennie lag toe sy pa hom 'n pakkie geelmieliepitte wys en vra: „Kan ek vir Pa help begrawe?"

„Ja, Hennie, maar soek eers vir ons al die mooi grootste géles uit."

Hennie soek die regte pitte uit en op sy knieë help hy toe sy pa. Elke pitjie word netjies in die voor gesit omtrent nege duim van mekaar; dan word hulle met die uitgegrawe grond lig toegemaak.

„So ja," sê Pa. „Hennie, jy het nou gehelp saai, water dra is ook nog 'n werk — sonder natmaak, kan ons nie oes nie."

En Hennie het ook elke middag getrou gehelp om die mielie-akker nat te maak.

Onder die grond in hulle nou voortjies lê die pitte. Naderhand het hulle van al die natmaak geswel en al langs die naatjie gaan hulle oop. 'n Teer groen plantjie steek uit elke pit sy kop uit en begin groei. Hulle boor hulle pad deur die grond om bo uit te kom. Ondertoe skiet hulle wortels soos toontjies wat in die grond vasklou. Oor 'n week steek die groen halmpies hulle koppies bo die grond uit! Hulle worteltjies hou styf vas en boor al dieper in die aarde. Daar kry hulle kos en water om die plantjies te laat groei.

Groter en groter word hulle! Die tergerige ou wind kom en stoei met die groen plantjies, maar hulle klou vas in die grond en groei en groei, en word al sterker. Altyd langer en langer word die stammetjies en een bo die ander ontvou die lang, slank, groen blare hulle.

Hennie het sy akker dopgehou. Maar was hy nie bly wanneer dit reën nie! „A, Pa, vanmiddag hoef ons nie water te gee nie: kyk hoe nat is die mielies al!"

Te mooi was dit vir Hennie, as hy by die venster sit en uitkyk, om te hoor hoe die mielieblare in die wind ruis. Vir 'n paar weke moes Hennie weggaan. Toe hy terugkom, is die eerste ding wat hy doen om na die mielie-akker te hardloop. Maar kyk! Wat sien hy!

Daar staan hulle soos groen soldate met fraai pluime op hulle koppe, soos regte perderuiters, en die mieliekoppe, soos swaarde in hulle skedes met sagte groen klosse vooraan! Kyk, daar kom die wind en soos een man gaan die blare op soos hande wat die saluut gee!

En dit kom alles uit daardie ou klein geel pitjies!

„O," dink Hennie, „as ek 'n groot man is, sal ek tog nie in 'n stad woon nie. Ek sal vir my 'n plaas koop en lang akkers vol saad saai, en natlei, en baie, baie mieliesoldate plant!"

HILDA POSTMA.

7. Dit reën paddas.

As dit baie reën, kan 'n mens soms allerhande snaakse uitdrukkings hoor. Party mense sê, as dit so giet: „Dit reën oumeide met knopkieries;" ander sê weer in navolging van 'n Engelse uitdrukking: „Dit reën katte en honde," en as die water so aanhou val,

sê baie oumense: „Dit reën paddas!" Nou wil ek julle vertel hoedat klein Miemie sover gekom het om vas te glo dat dit soms regtig paddas reën.

Heelparty mense het vir Dingaansfees na Maartenshoek gegaan. Die meeste het met ossewaens gery, ander weer met kar en perde. Die kinders het die ryery baie geniet, want dit is mos in ons dae al 'n uitsondering om met 'n bokwa te ry.

Maar skaars was die mense daar en die waens uitgespan of dit begin reën. Die mans trek gou die bokseile oor die waens. Nie te lank nie of die water stroom om die laer en almal soek maar net skuiling in die watente. Die stilsit in die tente het die kinders gou verveel en skaars het die reën 'n bietjie opgehou, of hulle trek skoene en kouse uit en borrel die watente uit na buite.

Miemie het orals rondgehardloop en rondgeklouter, tot selfs voor op die wa. Daar kry sy in een van die bakkies wat die seil vorm en wat nou vol water staan 'n lewendige paddatjie.

Sy klap haar hande en roep die ander kinders: „Kom kyk hier, julle! Dit het paddas gereën! Oom Kotie het mos gesê dit reën weer vandag paddas."

Net gou was die hele klomp kinders bo-op die wa om die wonder te aanskou.

„Ja," sê Piet, „die padda het hier gereën. Hoe kon hy anders in die poeltjie water bo-op die waseil kom? Geen padda kan so hoog spring nie."

Dirk gryp die padda in sy hand en spring van die wa af. Miemie spring hom agterna. Sy het die padda daar gekry en sy wil die eerste die nuus vertel. „Ma, Ma!" skree sy, „Oom Kotie was reg. Dit het paddas gereën. Ons het een van hulle gekry."

„Hier is hy, Ma," sê Dirkie, toe hy ewe trots die wonderlike padda omhoog hou.

Die waens staan so naby 'n kransie dat 'n padda maklik van die krans se kant af op die wa kon spring, maar daaraan dink die kinders glad nie. Miemie is vandag nie meer so klein nie, maar sy sê nog altyd sy glo vas dat dit paddas kan reën, want sy was daar self ooggetuie van.

MARIA J. VORSTER.

8. Pa vang 'n hasie.

Hester, die vriendin van Dora, kuier by haar op die plaas. Hulle het baie van hulle tyd buite deurgebring. Vir 'n dorpskind is dit alte lekker om 'n bietjie van die huise en mense af weg te kom en die vryheid van die veld te geniet. Vanmiddag wil hulle weer na die klofie toe gaan om varings te pluk. Om daar te kom, moet hulle deur 'n diep sloot gaan.

Net toe hulle die wal duskant af is, gryp Hester opgewonde aan Dora se arm en wys met haar ander hand na 'n diertjie wat teen die anderkantse wal tussen die bossies lê en wegkruip. Die tweetjies staan eers botstil. Daarna loop hul voetjie vir voetjie 'n bietjie nader en loer — ja, dit is regtig 'n hasie. Wonderlik dat hy so stillê. Hasies kan so fyn hoor. Hy slaap seker baie lekker, dink hulle.

Dora kyk vir Hester en wys huis toe. Hulle wil nie praat nie, want dan steur hulle die diertjie. Hester verstaan sommer wat Dora bedoel. Stil draai hulle om, klouter die wal weer stilletjies uit en toe hulle bo kom, begin hulle hardloop en nou was hulle tonge ook meteens los.

„Ons gaan gou vir Pa vra om die hasie vir ons te kom vang, dan sal ons hom tog baie kos gee en vet voer, nè, Hester?" sê Dora.

„Ja, maar ons moet vinnig hardloop, anders word hy straks wakker en vlug weg," meen Hester. Na 'n tydjie sê sy weer ewe droefgeestig: „Maar weet jy, Dora, dit sal vir my darem baie swaar wees om weer dorp toe te gaan as ons eers die hasie het om mee te speel."

„Wag," sê Dora, „ek sal vir jou 'n plan gee. Jy neem hom in sy hokkie saam dorp toe, dan kan al jou maatjies hom ook sien en as ons inkom, bring ek vir hom koolblare en ander groente ook saam."

„Regtig, Dora, kan ek die hasie kry?" vra Hester. Dora knik toestemmend. „Baie, baie dankie, die liewe ou diertjie sal my laat voel of ek nog op die plaas is," verseker Hester weer. So het die twee gebabbel en gehardloop, totdat hulle by die land kom waar Pa net besig is om ertappels uit te haal.

„Pa! Oom!" skree die twee tegelyk. „Ag kom vang tog asseblief eers vir ons die hasie daar in die sloot."

„Wat!" vra oom Piet, „moet ek vir julle 'n hasie vang? Julle weet seker nie hoe hard so'n diertjie kan loop nie, nè? 'n Ou man, soos ek, kan nie 'n hasie inhardloop nie."

„Ag, Pappie," sê Dora weer, „die hasie slaap. Pa sal hom maklik kan vang en Hester wil hom tog so graag hê."

„Maar kind," sê oom Piet, „'n hasie het nie verniet sulke lang ore nie. As ons nog daar ver aankom, hoor hy ons al en neem die vlug rantjies toe."

Maar oom Piet is baie lief vir kinders en toe hy in die treurige ogies van Hester kyk en sien hoe teleurgesteld sy lyk, laat hy sy werk 'n bietjie staan en stap met die twee dogtertjies saam. Toe hulle by die sloot kom, wys hulle vir oom Piet die plek. Ja, waarlik, daar lê die hasie nog. Oom Piet hou sy hand op as teken dat hulle moet bly staan. Heel versigtig gaan hy nader. Stadig lig hy die een voet op en trap saggies op sy tone 'n bietjie nader. Eindelik maak hy hom klaar en gryp so vinnig as hy kan en . . . hy het die hasie!

Die kinders klap hulle hande van blydskap, maar oom Piet sê: „Die hasie is dan dood. Dit kon ek geweet het! 'n Dooie haas, ja! Was hy lewendig, dan sou ons hom nooit in die hande gekry het nie. Hy is darem nie lank dood nie, want hy is nog warm."

Hester wou net begin huil, toe oom Piet sê: „Nou sal ons hom maar afslag en opstop, dan kan Hester hom darem saamneem dorp toe."

Hester glimlag dankbaar, maar het darem gedink hoeveel liewer sy 'n lewendige hasie sou wou hê.

MARIA J. VORSTER.

9. Die nuwe boetie.

Marietjie het na haar nuwe boetie gaan kyk. Haar ma sê vir haar: „As jy soet is, kan jy weer môre kom; dan kan jy vir Boetie op jou skoot vashou."

O, maar Marietjie was tog te bly! Sy hardloop na haar blomtuin om vir haar blomme die nuus te vertel. Marietjie is baie lief vir haar blomme en het altyd met hulle gesels; net jammer, sy kon nie verstaan wat hulle praat nie. Soms as die wind so deur hulle blaartjies fluister, dan dink sy dat sy stemme hoor, maar sy kon nie verstaan wat hulle sê nie.

„Weet julle wat, ou blommetjies?" vra sy. „Ek het 'n splinternuwe boetie. Môre gaan ek hom op my skoot vashou! Wil julle hom ook graag sien? Nou ja, môre-oggend kom ek julle afpluk, as julle mooi oop is; dan bring ek julle vir hom. O, ek wens hy word gou groot!"

En Marietjie klap haar handjies van vreugde.

Die nag toe Marietjie slaap, skyn die maan en die sterretjies oor haar tuintjie. Daar kom die wind en gesels met die blommetjies — hy kan hulle taal goed verstaan.

Hy sê vir hulle: „Ek kom nou ver uit die veld; wat se nuus het julle?"

„O," vertel die viooltjie, „het jy nie gehoor nie? Marietjie het 'n nuwe boetie en môre gaan sy ons pluk en vir hom bring."

„A," sê die goeie ou wind, „ek gaan tog 'n bietjie na hom kyk" en hy gaan stilletjies op die stoep na die

venster. Hy stoot die gordyn opsy en daar sien hy die klein bedjie met Boetie daarin. Hy blaas so saggies deur Boetie se haartjies.

Nou wens die blommetjies dat dit tog al môre is, dat hulle ook na die nuwe boetie kan gaan kyk.

'n Viooltjie vra: „Het julle gehoor wat Marietjie vir hom gewens het? Sy het gewens dat Boetie gou groot moet word. Wat sal ons vir Boetie wens?"

Al die blommetjies dink en dink. Naderhand lig die viooltjie sy koppie op en sê: „Dit is my wens vir Boetie:

„So oop soos die hemel bo,
So blou soos my blaartjies rein,
Moet die liewe ogies wees
Van die kindjie klein."

En die sneeuklokkie lig sy koppie op en sê: „Dit is my wens vir Boetie:

„Sy voorkoppie moet wees
So wit, so wit soos ek
En waar hy gaan, moet hy
Alom die lente wek!"

Die goue môresterretjie sê: „Dit is my wens vir Boetie:

„Sy sye haartjies
Moet so geel wees
Soos my blaartjies."

Nou kom die aandblommetjie se beurt. Maar die arme ou aandblommetjie was te moeg; vroeg al het hy sy blaartjies toegevou en vas aan die slaap geraak.

„Ag, nou is die aandblom al aan die slaap, dis jammer," merk die sneeuklokkie op.

Bo in die lug het die sterre al die mooi wense van die blommetjies gehoor. Hulle was tog te jammer vir die arme aandblom. „Wag maar," troos hulle, „ons sal hom nog help."

Raai wat maak die sterretjies?

Vroeg die volgende môre, lank voor die son op is, raak al die blommetjies aan die slaap en daar stuur die sterretjies mooi 'n lieflike blink druppel af op die aandblom se kelkie.

Naderhand begin die voëls gesels, die son gaan op en die blommetjies word wakker!

Daar kom Marietjie aan! Versigtig pluk sy die blommetjies, eers die viooltjie, dan die sneeuklokkie, daarna die môresterretjie en eindelik die aandblommetjie.

Sy gaan op haar toontjies na haar ma se kamer. „Tok, tok, tok" klop sy aan die deur.

„Kom in!" sê Ma.

Marietjie gaan in. Sy sê eers môre vir haar ma, toe stap sy na Boetie se bedjie.

Eerste vat sy die viooltjie en sê saggies: „Soen vir Boetie!" Sy druk haar handjies deur die tralies en hou die blommetjie by Boetie se wangetjie. Gou fluister die viooltjie so soetjies in Boetie se oortjie:

„So oop soos die hemel bo,
So blou soos my blaartjies rein,
Moet die liewe ogies wees
Van die kindjie klein."

Sy sit die viooltjie neer en neem die sneeuklokkie. Soetjies fluister sy: „Soen vir Boetie!" Toe die sneeuklokkie by Boetie se oortjie kom, sê hy gou:

„Sy voorkoppie moet wees
So wit, so wit soos ek
En waar hy gaan, moet hy
Alom die lente wek!"

Nou kom die môresterretjie. Hy spreek ook saggies by Boetie se oortjie sy wensie:

„Sy sye haartjies
Moet so geel wees
Soos my blaartjies!"

Die laaste kom die aandblom se beurt.

Ag, hy het nie eers 'n wens nie! Sy hartjie is tog te seer.

Daar val die doudruppel uit sy kelkie net soos 'n traan op Boetie se voorkoppie.

Boetie maak sy ogies oop.

Meteens bedink die aandblommetjie 'n wens en fluister gou-gou in Boetie se oor:

„Soos die druppel dou,
So helder rein
Moet die sieltjie wees
Van Boetie klein."

O, hoe gelukkig is die aandblom nou! Hy het ook vir Boetie iets gewens. Hy glimlag en die hele kamer word vol van sy heerlike geur.

Marietjie sit die blommetjies in 'n potjie met water. Sy het nooit eers geweet van die skelm klein blommetjies se wense nie. Nou gaan sit sy in 'n groot armstoel en Ma lê klein Boetie in haar arms.

„Mammie," vra Marietjie, „kan ek nou altyd vir Mammie help om Boetie op te pas?"

Meteens maak Boetie sy ogies oop — blou ogies. Die eerste wens het al uitgekom! En ons hoop die ander wense het ook uitgekom toe hy groter geword het.

HILDA POSTMA.

10. Die edel seuntjie.

'n Ou, ou tante eendag
Staan op die straat se hoek;
Sy moes deur kargewemel
Haar pad allenig soek;

Maar net toe sy wil oorstap,
Vlieg woerts! 'n fiets verby,
Dan wemel weer die karre
En staan sy maar opsy.

So oud, geboë, eensaam,
Haar tassie in die hand,
Met dof-vermoeide oë
Staar sy na anderkant.

Daar kom 'n dapper seuntjie
En raak haar arm aan:
„Ek sal met Tante saamstap
As Tante oor wil gaan!"

Versigtig kyk hy rondom,
Eer hul die plek verlaat;
Dan tree vir treetjie stap hy
En lei haar oor die straat.

Sy maters staan van oorkant
En kyk verwonderd aan,
Waar of ou remskoen Pieter
Nou met die tante gaan!

Hul spot en lag so prettig
Toe hy weer hy hul kom:
Piet skud sy kop: „Nee, outjies,
Sy's grys van ouderdom;

As my ma eendag," sê hy,
„So oud is en verlaat,
Dan, hoop ek, sal daar iemand
Vir haar ook help op straat."

HILDA POSTMA.

11. Sprinkane ja.

Die lug trek toe, maar dit is nie van onweerswolke nie. Dit is 'n swerm sprinkane wat bo in die lug trek. Die koring en die ander graan staan nou net baie welig op die lande. Die bome sit vol jong, groen blaartjies. Dit sal alte jammer wees as die sprinkane nou moet kom sit en al die goed opvreet.

Pa roep al die volk en kinders om te kom help sprinkane ja. Hulle gaan uit met swepe en stokke, waaraan lappe vasgebind is om mee te waai. Party van hulle dra hope takke en droë hout bymekaar om rook te maak. Dit help alles niks nie. Die donker sprinkaanwolk sak af, die son skyn weer. Heen en weer loop die kinders deur die lande en waai met hulle lappe. As hulle nader kom, vlieg klompies-klompies

sprinkane so lui-lui op, maar net 'n drie treë verder gaan hulle weer sit. Die gesaaide word deur hulle afgeskeer, die jong groen verdwyn soos niks.

Orals om die lande trek die rookwolke in die lug op, maar die sprinkane steur hulle glad nie daaraan nie. Party van hulle verdwaal en kruip in Jannie se broekspyp of in Bettie se roksmoue op, en dit voel alte kriewelrig.

Eindelik geluk dit tog die mense om die sprinkane te verjaag, of beter, hulle was versadig gevreet en besluit sommer self om nou weer verder te gaan. Langsaam vlieg die swerm vaal goedjies weer in die lug op. Die son raak weer weg, asof daar 'n onweerswolk verbytrek. Daar gaan hulle nou verder, om hulle vernielende werk voort te sit en die boer se land kaal te vreet.

Eers toe die sprinkane weg was, kon 'n mens goed sien hoeveel skade hulle gedoen het. Die lande lyk vaal en bruin, die wilgerbome se lang, dun takkies hang treurig en kaal, sonder 'n enkele groen blaartjie daaraan.

Toe die huisgesin die aand aan die tafel sit, sug Pa so swaar en sê: „Ja, Vrou, ek het gehoop om tog vanjaar ons brood te wen, maar ons sal maar weer uit die winkel moet leef en ek weet nie waar die geld vandaan moet kom nie."

„Hou maar moed, my man." sê Ma ewe blymoedig. „Hy wat die lelies kleed en die voëltjies voed, sal ook vir ons uitkoms gee."

MARIA J. VORSTER.

12. Streepkoppie.

'n Storie van Ouma.

Ouma was nog heeltemal 'n klein dogtertjie toe sy vanmelewe op Strydpoort gewoon het. Al werkie wat sy gedoen het, was om smôrens vir die katjie melk te gee. Die melk het altyd in 'n pierinkie gekom en dan dra sy dit vir die kat na die ou groot, plat klip wat so'n endjie weg voor die agterdeur lê. Daar het 'n slang ook onder daardie klip gehou, maar daarvan het Ouma-grootjie nie geweet nie. As die kat klaar melk gedrink het en daar bly 'n bietjie oor, kan jy seker wees, netnou kom die slang houtgerus onder die klip uitgeseil en kom lê

die orige melk en uitdrink. Dit het Ouma gou gesien; dit was vir haar baie mooi en dan neem sy elke môre die pierinkie terug en sê: „Mammie, gooi tog asseblief nog 'n bietjie melkies in vir Streepkoppie." Dan gaan sy weer die pierinkie vlak voor die slanggat neersit en bly daar op haar hurke sit, totdat haar liewe Streepkoppie sy melk uitgedrink het.

Eendag sê Ouma-grootjie vir haar: „Kindjie, maar hoekom noem jy dan nou ons katjie „Streepkoppie"? Haar naam is mos „Vlekkie" en die naam pas so mooi by haar bont vel."

„Maar, Ma, Streepkoppie is mos nie die katjie nie! Ma moet tog môre-oggend na my mooi ou Streepkoppie kom kyk," is haar antwoord.

Die anderdagmôre, nadat sy weer so'n rukkie met Streepkoppie se melk uit was, stap Ouma-grootjie ook na die klip toe. Wat was haar verbasing en skrik groot toe sy sien haar dogtertjie sit doodgerus op haar hurkies vlak by die pierinkie, waaruit 'n groot knewel van 'n gestreepte geelslang lê en melk drink. Oupa-grootjie kom toe net van die kraal af met sy kierie in die hand. Ouma-grootjie wink vir hom en hy kom nader, ruk Ouma onverwags geweldig weg en gee die slang 'n hou met die kierie dat hy so krul. Ouma wil nog huil en sê: „Ag nee, Pa, nee wat, Pappie, arme Streepkoppie!"

Maar Oupa-grootjie gebied: „Stil kind, ek slaan jou netnou!" en daarop slaan hy die slang, tot groot verdriet van Ouma, verder morsdood.

MARIA J. VORSTER.

13. Twee druppeltjies water.

„Soe, dis koud!" sê 'n druppeltjie water wat uit 'n groot tenk se kraan in 'n emmer val. Daar kom hy teen 'n ander druppel water wat hy nie ken nie.

„Soe, dis koud, nè? Waar kom jy vandaan?" vra die tenk se druppel.

„Koud? Noem jy dit koud? Ek sê dis baie warm hier in die emmer, in die sonlig. Waar ek vandaan kom, ja, vra 'n bietjie; daar is dit koud! Bly jy in daardie rooi tenk? My tyd, so'n klein sinkhokkie wat in die son staan en bak, en dan kry jy nog koud — my huis met sy lang, donker gange — daar kan jy praat van koue!

Toe ek saam met die reëndruppels van die wolke afgeval het, kom ons in 'n dik stroom 'n hoë berg af. Tussen rotse en bosse, oor klippe en klowe dreun ons in 'n oorverdowende geraas af tot in 'n breë rivier. Daar het ons stroom nog groter en sterker geword, sodat ons in skuimende golwe die rivier afgeja het. Ineens kom ons tot stilstand. Bots! het die voorste golwe teen 'n yslike wal vasgeslaan, sodat die agterste golwe soos perde sommer bo-oor die voorste spring en die walle oopbreek, en verder die rivier afdrywe.

Ek was in die heel agterste golf en het teen die wal tot rus gekom. „O," hoor ek die golwe sê, „hier is ons opgedam. Wat nou gedoen?"

„Ons moet maar afwag."

'n Paar dae het ons so rustig in die dam gelê.

Elke môre as die son uitkom, het die wind soos 'n ou man op 'n harp met sy skraal, koue vingers op die water kom speel tot ons weer rimpel en saggies sing. O, dit was mooi!

Maar naby die dam was daar groot goed gebou wat waarlik dag en nag „doef-doef! doef-doef!" maak en een dag, toe ek naby die wal kom, voel ek plotseling dat iets my geweldig trek en toe ek my kom kry, is ek in 'n dik stroom, saam met 'n hele boel ander druppels, 'n breë, donker gang in. Iets druk ons al op in die donker, ronde gang, al op, tot ons in 'n groot kamer instort wat bo toe is.

Ons almal was nog taamlik rooi en modderig toe ons hierin kom, maar hier was 'n soort wit goed, soos kalk, wat ons gesuiwer het, sodat ons almal byna so wit soos melk daaruit gekom het. Nog 'n skoot gaan ons deur ronde, donker gange in 'n ander groot kamer, binne-in 'n berg gebou. Praat van koue! Daar was dit vir jou lekker koud!

Die kamer het 'n ontsaglike plat dak, waaroor al gras gegroei het. Maar iewers in die kamer is ook weer 'n deur oop na 'n ander donker gang, want elke dag word ons minder; en ja, eendag voel ek weer dieselfde trek en doems! in 'n ander donker, ronde gang rol ek weer, en rol en rol, ek weet nie hoelank nie.

Dit moet afdraand gewees het, want ons gaan so vinnig; en hoe verder ons gaan, hoe nouer word die gang. Een skoot kom ek in 'n lang, nou gang en daar bons ek teen iets! Urelank lê ek nou doodstil. Ek luister; dit gaan net soos karre en voetstappe wat bo my dreun. Een slag hoor ek 'n vrou uitroep: „Kom daar weg uit die straat!" O, dus is ek nou in 'n gangetjie onder 'n straat!

„Sjoer! ..." gaan iets voor my oop en ek word opgedruk in 'n nou, warm gangetjie. O, soe! die gangetjie is seker bo die grond in die sonlig; dis so warm daarin.

Toe ek my weer kom kry, rol ek uit die warm gangetjie in die liewe, oop sonlig en binne-in die emmer. En na ek so'n rukkie gelê en rus het, kom jy ook hier ingetuimel. Maar jy het nie so'n lang reis gehad soos ek nie!"

„Nee," sê die tenk se druppel. „Toe ek met die reën uit die lug val, bondel ons sommer hier op die groot steenhuis se dak en rol, een, twee, drie in my rooi sinkhuis. Daar is nog baie water in."

„A ja, maar nie so baie soos in die groot bergkamer waar ek vandaan kom nie! Daardie kamer kan nooit leeg word nie!"

„Dit kan," beweer die tenk se druppel.

„Dit kan nie," verseker die ander druppel, ewe astrant. „Gaan kyk net hoeveel daar nog in die bergkamer is!"

„Ag kom," sê die verstandige emmer, „nou praat julle bog. Die tenk se water gebruik net die mense van hierdie huis; maar daarenteë moet die hele groot dorp van die ou bergkamer se water gebruik en dit kan ook gedaan raak.

Julle altwee kom uit die wolke en as dit lank nie reën nie, sal die tenk en die bergkamer leeg word. My tyd," gaan die ou emmer voort, „onthou ek nie nog in 1919 met die groot droogte nie! Ek staan hier dolleeg. Die nooi kom en draai die krane oop, dan hoor 'n mens net gons binne-in die krane, maar nie 'n druppel water nie! Ek kan nou nog hoor hoe, ‚doef-doef' die boormasjien hier in die vlei by die groot tuin se hek, soos die mense dag en nag geboor het vir water.

O, nee, julle moenie stry nie. Julle altwee kom maar van die wolke af en as die liewe Here nie die reën stuur nie, is berg en dam en tenk alles leeg."

HILDA POSTMA.

14. Die wonderlike dam.

I.

Klein Johannes neem sy hoedjie, sit dit op en fluit vir Kaptein. Hy loop reguit na die groot dam toe.

Voor hy die dam bereik, moet hy deur 'n digte populierbos loop. 'n Mooi voetpad lei deur die bos. Johannes hou daarvan om daar langs te loop. Daar is altyd so baie voëls, veral vinke en tingtinkies en hulle sing gedurig. Die mooiste liedjies vir Johannes is nog dié wat die geelvinke sing.

Johannes pluk graag die populierblare af. Dis so lekker koel om teen sy wange te druk. Partymaal suig hy so 'n blaartjie vas teen sy lippe. Klap hy nou met sy tong daarteen, dan gaan dit net soos 'n koeëlskoot!

Johannes soek vir hom 'n lekker plekkie aan die kant van die water uit. Hy gaan sit en maak hom klaar om seker twintig visse te vang!

Hy skud sy vislyn uit en laat dit in die water val. „Plons!" sê die water en maak toe klein golfies en kringe. Dan lê dit weer stil.

Johannes kyk en kyk, totdat sy ogies teen 'n blou lug, baie ver en diep onder in die dam, vaskyk. Nou kom daar wolkies in die lug: wittes en swartes. Die wit wolkies is alte mooi. Dit lyk net soos spierwit skaapwol wat opmekaar gestapel is. Verder weg, by die blou-swart wolke, sien Johannes 'n streep wat kompleet soos die reënboog lyk.

Daar is nog meer in die dam te sien: 'n groot wilgerboom, 'n menigte fluitjiesriet en 'n hele laning populiere.

LAERSKOOL OOSTELAND
MEINTJESSTRAAT 75
PRETORIA
TELEFOON 4-4650

Die wonderlikste is darem dat al hierdie bome onderstebo geplant is. Begryp net, die toppe van die bome hang na ondertoe! Johannes kan glad nie agterkom waaraan die wortels vas is nie.

In die fluitjiesriet is baie voëlnessies. Johannes verwonder hom dat die eiertjies nie uitrol nie, want ook die nessies hang onderstebo.

Opeens kom daar 'n voëltjie aangewip. Hy gaan sit op een van die takke en wieg saggies heen en weer. Dink net, ook die voëltjie hang onderstebo! Johannes hou sy asem op, so bang is hy dat die arme dingetjie diep onderin die lug sal val. Nou borrel orals voëltjies uit en almal begin speel. Hulle kruip in en uit die nessies, of hang aan die takke. Party vlieg diep onderin die water. Almal fluit, sing en skree deurmekaar.

Daar is 'n yslike lawaai in die dam.

Skielik word alles stil, doodstil. Daar hoor Johannes 'n stem wat hom roep! Dis 'n fyn stemmetjie wat uit die water kom. Johannes word nou regtig benoud en wil weghol, maar o, wat sou hy sien! Die arme seuntjie vergeet heeltemal om hom te roer. Hy kan skaars asemhaal. Wat is dit tog wat Johannes in daardie snaakse dam opmerk?

Hy sien dat 'n stukkie van die reënboog losgaan. 'n Wit wolkie kom vinnig aangeseil en vang die strepie reënboog op. 'n Windjie begin waai en dryf die wolkie al nader en nader na Johannes toe. Die wolkie is al amper by Johannes, maar waar is die strepie reënboog nou? Dit is heeltemal weg. In plaas daarvan sit op die wolkie 'n pragtige kindjie! Die kindjie lag en wuif vir Johannes met sy handjie.

„Johannes! Johannes!" roep die kindjie toe die wolkie stilhou.

Johannes praat niks nie. Hy verwonder hom totaal. So'n pragtige kindjie het hy nog nooit aanskou nie. Hy dra 'n rokkie, maar waarvan die rokkie gemaak is, weet Johannes nie. Miskien bestaan dit uit sterretjies wat skitter. Nee, dis seker van groot glaskrale gemaak met baie kleure. Nou lyk dit weer vir Johannes of dit pure doudruppels kan wees wat helder blink.

II.

„Johannes, ek is die Sonkindjie en ek kom jou haal."

Hoe mooi praat die Sonkindjie en o, hoe glinster sy ogies! In 'n oogwink sit Johannes naas hom en daar trek die wolkie weg, ver weg. Opeens verdwyn die dam, die bome, die voëltjies. Net die wolke met Sonkindjie en Johannes bly oor.

Hoe heerlik ry hulle! Die wolkie seil so deur die lug, hoog bokant huise en bome. Daar hang die wolk nou oor 'n groot berg. Stadig sak dit laer en laer tot dit op die rand van 'n diep kloof stilhou. Sonkindjie klim met Johannes uit die wolke uit.

Nou klim hulle teen die hoë kranse van die kloof af. Dit is baie ruig en byna donker daar. Johannes voel darem glad nie bang nie. Sonkindjie is by hom en hy voel doodgerus. Halfpad voel hy moeg van al die klim. Sonkindjie neem hom aan sy handjie en gaan met hom sit. Hulle sit op 'n groot tak van 'n boom wat dwarsoor die kloof groei.

Johannes swaai sy beentjies heen en weer. Hy voel so plesierig. Hy klap sy handjies en roep uit: „O, hoe lekker!"

„Dis reg," sê Sonkindjie, „nou wil ek hê dat jy goed moet rondkyk en baie mooi moet luister. Jy sal dinge sien en hoor waarvan jy niks weet nie."

En wonderlik was dit! Johannes hoor die windjie suis; hy sien die toppe van die bome roer; hy luister hoe die voëltjies fluit — maar dit gebeur aldae. Hy kyk na Sonkindjie, want dié het tog gesê dat hy wonderlike dinge sal sien en hoor. Sonkindjie glimlag. Opeens raak hy met sy blink vingertjies aan Johannes se oë, ore en mond.

Nou is Johannes glad 'n ander seuntjie. Sonkindjie het hom so verander dat hy alles kan hoor en verstaan wat die bome, voëltjies en diere praat.

Daar ritsel die blare van die groot boekenhoutboom. Dit is die wind wat dit doen. Johannes hoor die blare vir die windjie sê: „O wind, ons lewe hier bo in die lug, al is ons wortels vas in die aarde. Ons harte voel net so bly en vry soos die voëltjies wat oor ons swewe. Vir die voëltjies gee ons plek om nessies te bou en vir die mense en diere maak ons koelte. Ons versier die kloof en ons verfraai die woonhuis van die mens. Omdat ons dit alles kan doen, voel ons so gelukkig en bly."

„Ons is ook bly, bly, bly!" sing 'n hele klomp voëltjies. Een voëltjie vlieg hoog-op in die lug, klap sy vlerkies, sak skielik neer en kom op Johannes se skoot sit. Dis 'n fraai dingetjie. Sy koppie is swart, sy nekkie rooi-geel soos goud. Sy stertjie lyk net soos sy nekkie.

„Voëltjie, ek wens dat ek kan vlieg," sê Johannes.

„Dan moet jy 'n engeltjie word."

„Hoe moet ek dit word?" vra Johannes.

„Nee, jy moenie 'n engeltjie word nie. Jy moet 'n man word. 'n Groot man. Jy moet baie goeie dinge doen."

Daar raak Sonkindjie aan Johannes: „Ons moet teruggaan," sê hy, „dit word laat."

. . . . . .

Weer seil hulle deur die lug op die wolkie — Johannes sit by die dam, daar lê sy vislyn nog. Kaptein lê nog ewe getroos onder die boom by Johannes. Johannes vryf sy oë. Waar is Sonkindjie? Of het hy gesit en droom? Hy verstaan dit nie.

Hy neem sy vislyn en gaan huis toe. Kaptein draf met hom saam.

M. KRUGER.



15. Die garingboom.

As die sagte landsreën val,
Dan spog die bosse met hul loof,
En orals rond teen hang en kloof
Hul lowertente span.
Maar kom die droogte, soos hy sal,
Met wind wat skroei en son wat steek,
Dan hang hul takkies dor en bleek,
Dan's ek nog pure m a n !

HILDA POSTMA.

16. Die groot oorlog.

Meneer Brink het bye aangeskaf en 'n nes in die rondawel gehad. Solank die nes nog nie vet was nie, het dit goed gegaan, maar later het dit baie vet geword.

„Jonas!" roep meneer Brink een môre, „die vee moet sout kry. Gaan maak die skottel in die rondawel vol."

'n Oomblikkie later volg meneer Brink self die naturel daarheen. Of hy die sout op die nes laat val het, weet ek nie, maar toe meneer Brink die deur ingaan, roep die naturel: „Jô! Jô!" en laat die skottel uit sy hande val dat die sout so oor die sementvloer strooi. Daarop storm hy die deur en hardloop net wat hy kan, maar meneer Brink was voor en hardloop ook. Die naturel druk egter in en daar is die deur te nou vir die twee!

Eindelik staan albei buite. Maar kyk nou, hoe rol Jonas in die sand! En meneer Brink is in die huis en haastig word al die deure en vensters dig toegemaak. Ou Jonas rol tot diep onder die doringbossies en nadat die bye met hom klaar was, pak hulle die hoenders!

Kyk hoe vlug die verskrikte diere na alkante. Daar rol 'n hen, daar nog een! Party skuur die pynlike koppies teen die grond, ander sprei hulle vlerke uit en vlug diep, diep onder die bossies in.

Is die bye nie verbasend kwaai nie? Vyf hoenders is al dood en sewe rol nog rond.

„Hoef! hoef!" hoor hoe hard hol die perde!

Die perde het van niks geweet nie, maar plotseling voel hulle ook naalde steek. Die swerm bye was agter hulle aan. Hulle het gehardloop, gespring, gerol, baklei, maar niks wou help nie. Hulle hou stert in die lug en hardloop! Eindelik het die bye hulle met rus gelaat.

Daar staan 'n arme, gebreklike muil. Hy is kruppel en dra daarom die naam van Japie Horrelpoot. Hy loop net vir kwaadgeld op die werf rond. Skielik swaai die swerm bye om en storm algar op ou Japie Horrelpoot af. Opeens vergeet Horrelpoot sy gebreklikheid en hardloop soos 'n resiesperd. Van die dag af is hy die fluksste in die span!

„Die kaatsies! die kaatsies!" roep opeens een van die volk uit die waenhuis. Die arme diertjies probeer wegskuil onder 'n ysterstoeltjie, maar die bye pak hulle. Die katjies is op en af, voor die stoeltjie op en agter af, maar wat steek is die bye. Toe vlug hulle na die woonhuis, maar ag, die deure en vensters is nie oop nie.

„Miaau! Miaau!" roep die verwarde katjies en krap aan die deur, maar niemand durf oopmaak nie. Daarop klouter die oulike katte teen die muur op tot bo-op die dak. Daar het die bye nie gekom nie.

Nou kom daar 'n klein voëltjie om weer, soos hy elke môre doen, kos te kry en mieliemeel voor die deur op te pik. Net toe hy gaan sit om smaaklik te eet, sien hy die bye agter hom en voel ook sommer steek. Hy vlug weg en skree sover hy gaan: „Tjiere! tjiere! tjiere!" Hy gaan daarna in 'n boom sit, maar net toe hy sit, skree hy weer: „Tjiere! tjiere!" Ek glo nie dat hy ooit weer gedink het om terug te kom nie.

Na 'n tydjie het die bye weer bedaar en na hulle nes gegaan. Die hoenders weet nog nie dat hulle weg is nie. Hulle wei langs die huis en kom op 'n klomp vlieë af. Hulle dag dat dit bye was toe hulle die vlieë sien opvlieg. Ek sê vir jou hulle sit die rieme neer en hardloop goed omtrent vyftig tree van die huis af en daar staan hulle doodgeskrik.

„Wag maar," sê meneer Brink, „vandag het julle met ons oorlog gevoer en gewen ook, maar môre gaan haal ek julle lekker heuning uit."

DORA DERKSEN.

17. Padda Kwakibus.

I.

Padda Kwakibus was 'n oulike patroontjie, wat onder die pampoenblare naby die waterpomp, in die agterplaas van Hanna en Alie se ma gewoon het.

Hy was 'n spekvet ou buksie en dis ook geen wonder nie. Oordag spring hy daar rond in die koelte van die groot blare en vang vir hom lekker kewertjies en rispes, en meer as een vlieg wat sit en slaap.

Onder die drup van die pomp was 'n vlak dammetjie. Saans kom sit hy daarin en sing: „Kwaak!"

O, hy was 'n liewe ou dier met sy blink, swart ogies en sy dik, ronde lyf. Hy het geen mens of dier ooit kwaad gedoen nie. Nee, in plaas van kwaad het hy baie goed gedoen.

As die mense maar weet van hoeveel nut hy is, sal hulle nie so gou klaar wees om hom dood te maak nie.

Soveel goggatjies as wat elke dag in daardie ou vet magie van hom verdwyn het! Jy sou dit skaars kon glo as jy dit moes sien.

En moenie vergeet nie, dis almal insekte wat vir 'n mens tot 'n oorlas sou wees as padda Kwakibus hulle nie opeet nie.

Hierdie ou het 'n neef gehad, sy naam was weer Polla Paddatjie. Hy het by die voordeur op die stoep gewoon. Langs die muur staan 'n lang ry blikke waar malvas in groei. Agter die blikke was dit altyd koel en klam—net 'n lekker plek vir so'n mannetjie wat nie warmte en droogte kan verdra nie.

As padda Kwakibus saans in sy dam begin sing: „Kwaak!" dan antwoord Polla Paddatjie: „Kwaak! Kwaak!" van duskant af.

Dan sê die kinders: „Ag, Ma, hoor hoe raas die paddas weer vanaand."

Maar hulle ma antwoord: „Nee wat, dis vir my mooi om na hulle te luister."

Eendag sit Hanna die agtermiddag op hulle stoep toe Polla Paddatjie spring-spring agter die malvablikkie te voorskyn kom. Sonder om die minste geluid te maak, spring hy met die trappies van die stoep af en reguit na 'n sieklike lemoenboom wat in die blomtuin staan. Die boom se stam was sommerso aangepak met skaalinsekte.

Groot, swart miere hardloop op en af teen die lemoenboom se stam.

Hanna sit maar doodstil, om te sien wat sal gebeur.

Die outjie spring tot teen die stam, steek ineens soos 'n trapsuutjies sy tong lank uit en vang een van die miere daarmee.

Daarna spring hy weer 'n endjie agteruit en kou dit ewe op sy gemak.

Skaars was die mier ingesluk of hy gaan vang weer vir hom een.

„Ag, hoe lief!" dink Hanna. „Hy lyk net soos 'n voëltjie as hy so vir hom kos vang. Ek het nooit geweet 'n padda is so 'n oulike ou ding nie."

En sy hardloop in die huis en gaan roep vir haar ma en Alie om ook te kom kyk.

II.

„Ja," verduidelik hulle ma, „'n padda is een van die interessantste diertjies wat daar is. Hy kom uit 'n eiertjie wat net soos 'n bolletjie dun, deurskynende jellie lyk. Dit duur omtrent tien dae vir die kleintjie om uit die eier te kom, as alles goed gaan.

As die weer te koud is, kan dit somtyds drie weke of langer duur voor hy uit die eier uitkruip."

„Hoe lyk hy dan, Mammie?" vra die kinders.

„O, dan sal julle hom nooit ken nie. Dan is hy wat ons noem 'n paddavissie, met 'n lang stertjie."

„O ja," sê Hanna, „ek het al baie van hulle in die vlak water langs die riviere gesien."

„Ja, en dan lyk hy maar taamlik lelik," vervolg hulle ma, „met 'n bossie kieue wat weerskante van sy kop in die water rondswaai."

„Watter nut het hy van die kieue, Mammie?"

„Hy haal daarmee asem. As hy nog so klein is, leef hy binne-in 'n dun, deurskynende blasie of vliesie, van voor van die punt van sy neus af tot agter op die punt van sy stert. Tot sy ogies word ook deur die vlies beskerm. Dit is dan sy buitenste vel.

Net die kieue steek weerskante uit. Hy trek die water heen en weer deur die kieue, om die lug uit die water uit te haal, net soos die visse maak.

Hy eet paddaslyk en watergrassies, of selfs van sy eie boeties en sussies as hulle doodraak. Sy bek lyk dan baie na 'n tregter, waarmee hy die kos insuig.

As hy groter word, begin sy hele fatsoen verander. Eers kry hy 'n paar agterbeentjies. Dan begin sy dun velletjie oor die regterkantse kieue te groei en hy kry so stadigaan 'n paar longe, iets wat hy nie vroeër gehad het nie.

Dit is dan 'n swaar tyd in Kwakibus se lewe. Hy kan nie meer eet nie, die anderkantse kieue begin ook toegroei en sy longe werk nog nie behoorlik nie.

Wat nou gedoen? Kwakibus weet gelukkig raad. Om asem te kry, swem hy kort-kort na boontoe en skep vir hom lug. En in plaas van kos te eet, leef hy van sy eie stert!"

„Ag nee, Mammie, dit kan nooit wees nie," weerspreek die kinders met 'n glimlag.

„Ek bedoel nie dat hy sy stert opeet nie," vervolg hulle ma. „Daar is sekere bloedaartjies wat van sy stert af deur sy hele liggaam loop. In die groot, vet stert het ou moeder Natuur baie voedingstowwe vir tyd van nood opgegaar. Die tyd het nou aangebreek en die stowwe word deur die aartjies na alle dele van sy liggaam vervoer.

Die stert word kleiner, maar Kwakibus word by die uur groter en sterker. Sy voorpootjies kom ook te voorskyn en die plek waar sy kieue uitgesteek het, groei vir goed toe.

Van nou af moet hy deur sy longe asemhaal, soos 'n mens, en nie meer deur sy kieue, soos 'n vis nie.

Hy het nou sy buitenste deurskynende vel afgegooi. Die fatsoen van sy mond is heeltemal verander en sy blink ogies sien vir die eerste keer die helder daglig.

Nou kan hy nie meer altyd in die water bly nie. As hy nie elke keer kan uitkom om asem te skep nie, sou hy verdrink.

Sy tong is voor in sy mond vas met twee puntjies wat na agter toe lê. As hy iets wil vang, slaan hy sy tong om na vore toe en steek dit lank uit. Voor op die punt is die tong klewerig, sodat die insekte daaraan vassit."

Die kinders gee so 'n lang sug. „Ag, Mammie, dis tog mooi. Is daar niks meer van padda Kwakibus nie?"

„Ek sou nog baie van hom kan vertel," verseker hulle ma, „en van sy wonderlike familie in ander lande. Maar ek het nou nie meer tyd nie."

TANNIE.

18. Netnou.

Dit was 'n lekker warm dag. Truida het besluit dat al haar popklere gewas en gestryk moet word. Met 'n stuk seep glad te groot vir haar een hand is sy in die badkamer besig. Ma loop daar verby.

„Gaan ja gou die hoenders uit die blomtuin, Truida. Kyk, hulle is weer uit die hok!" roep sy hard uit, want die straal water uit die kraan maak 'n groot geraas.

„Netnou, Ma," antwoord Truida en hou maar aan met was. Toe haar „netnou" 'n halfuur geword het, val dit haar weer by van die hoenders en hardloop sy na die tuintjie voor die deur. Ma is daar. Sy

het die hoenders in hulle hok in die agterplaas geja en kyk nou na al haar plantjies wat uitgekrap is.

„Ek het net gou nog 'n paar rokkies gewas, Ma, en het toe dadelik gekom."

„Ja, Truida," antwoord Ma, „ek weet dis by jou altyd „netnou" as ek vir jou 'n werkie gee. Wanneer sal jy tog die slegte gewoonte afleer en dadelik gaan?"

Truida kyk na die vernielde plantjies en voel 'n bietjie sleg omdat Ma so ontevrede lyk.

„Maar ek het tog nie lank gewag nie," dink sy. „Daardie blomme was seker al net so afgepik toe Ma my geroep het."

Sy gaan haar emmertjie haal en help Ma water aandra.

'n Paar dae later sit Ma een middag met haar handwerk op die stoep. Broertjie, 'n vet outjie van

nege maande, sit op 'n matjie langs Ma. Hy is vreeslik woelig en kan nie een minuut stil sit nie. Elke keer kry hy Ma se rok beet en probeer om op te staan. Gewoonlik rol hy dan om voor hy op sy voetjies kom. Ma sit hom weer reg en gee sy speelgoed in sy handjies. Broertjie kan nog nie op twee voete loop nie, maar op vier kan hy en baie vinnig ook.

Daar gaan die hekkie oop. Dis 'n paar tantes wat kom kuier. Ma roep die meidjie en sê sy moet met Broertjie langs die huis op die gras gaan speel. Daarna gaan sy met die mense na die sitkamer. Na 'n rukkie gaan sy tee skink. Solank sy besig is, kom Truida in die kombuis.

„Waar is Broertjie?" vra Ma.

„Ek weet nie, Ma. Katryn was netnou hier langs die huis met hom."

„Gaan kyk waar hy is, my kind. 'n Mens kan die meid nie altyd vertrou nie. Sy gaan partymaal in die straat staan en gesels en vergeet om na Broertjie te kyk."

„Ja, Ma, netnou," antwoord Truida en loop by die agterdeur uit. Maar meteens besluit sy om haar pop wat sy besig was om aan te trek, neer te sit en eers te gaan. Langs die huis op die gras was niemand nie. Sy loop om die huis en kyk rond. Daar op die onderent van die erf staan Katryn en praat met ander meide, maar waar is Broertjie?

Sy wou net roep toe sy iets sien wat haar yskoud laat word.

Byna op die rand van die put sit hy! Truida weet dis oop, want hulle is besig om dit skoon te maak en op die oomblik is daar niemand by nie. Katryn het vir Broertjie alleen laat sit en hy het seker agter haar aangekruip. Sy gee 'n vreeslike skree, wat Ma in die

kombuis hoor en hardloop so vinnig as sy kan. Toe sy Broertjie gryp, wou hy net afloer in die aaklige, diep put. So byna was sy te laat!

Verskrik kom Ma die huis uit toe sy haar dogtertjie so hard hoor skree en sy sien hoe Truida snikkend haar klein boetie in haar arms vasdruk.

„Wat is dit?" vra Ma.

„As ek nie dadelik gegaan het nie, dan...."

Sy kon nie verder nie. Sy huil te veel. Dit het 'n hele ruk geduur voor sy in staat was om te vertel wat eintlik gebeur het, so ontsteld was sy, maar nooit na die tyd het Ma weer nodig gehad om iets vir haar tweemaal te sê nie.

HETTIE CILLIÉ.

19. Waterkerse.

I.

Anna en Boet is net opgewonde vandag. Hulle moet vir Ma help kerse maak, regte waterkerse. Ma het al 'n paar weke lank saans kerspitte sit en draai. Al haar ou lakens en ander ou linnegoed het sy bymekaar gesoek, want die pitte moet almal wit wees. Die goed word eers in smal strokies geskeur en dan begin Ma die pitte draai. Die een punt word tussen die linkerhand se vingers hoog vasgehou en die ander punt word op die been gerol en gerol, totdat die hele strokie rond lyk. Rats gryp Ma dan die onderpunt styf vas tussen die vingers van haar regterhand, trek die hele strokie styf en haak met haar ken mooi in die middel van die strook, vou dit dubbel en draai die twee stroke so oormekaar. Aan die een kant is dan 'n ogie en aan die ander kant 'n skerp puntjie. Dit gaan alles baie gou. Ma is so rats en handig. Net een, twee, drie het sy 'n hele boel pitte gedraai, almal van dieselfde lengte.

Ma maak nooit minder as vierhonderd kerse tegelyk nie en gisteraand het sy juis die vierde bondeltjie van honderd pitte klaar gedraai en aan mekaar vasgebind.

„Anna, nou kan jy en Boet môrevroeg vir my die pitte in die kersstokkies ryg, vyf in elke stokkie, hoor!"

„Ja, Ma, maar dan moet Ma weer vir ons elkeen 'n driekoning maak. Sal Ma?"

„Ag ja, asseblief tog, Moeder," soebat Boet ook, „maar dan moet Ma dié slag in myne 'n bietjie kruit sit, soos in die waarvan Ma ons laas vertel het, nè Ma?"

„Nouja, Anna, gee my dan die lappe aan dat ek gou die pitte ook draai."

Ma draai daarop pitte vir twee driekonings. Dit is kerse waarvan die pitte so kunstig gedraai is dat dit van onder net een stam het om in die tuit van die blaker te staan. Hoërop splits dit in drie, soms in vyf verskillende kerse, elkeen met 'n pit. Dit gee 'n goeie lig en lyk baie mooi as 'n drie- of vyfkoning so in die blaker staan en brand, met 'n helder vlammetjie aan elkeen van sy koppies.

Waar die drie kerse in die onderste een bymekaar kom, daar draai Ma in die een versigtig 'n klompie kruit. Dit is Boet se kers.

„Ma," vra Boet toe, „mag ek die aand 'n paar van my maatjies oorvra hierheen? Ek sien al hoe hulle sal skrik as die kruit begin skiet."

„Dis goed, Boet; dit is juis aanstaande week Anna se verjaarsdag, dan kan ons die aand 'n paar van julle vriende en vriendinne oorvra en kan julle die driekoning-kerse opsteek."

Nou moet julle nie dink waterkerse word van skoon water gemaak nie. Dit word so genoem omdat daar water by die vet kom. Vroeg die anderdagmôre het Anna en Boet die pitte vyf-vyf in die stokkies geryg. Hulle het dus vir vierhonderd kerse taggentig stokkies nodig. Die kersstokkies het Pa jare gelede al vir Ma gemaak. Dit is almal ewe dik en omtrent twee en 'n halfvoet lank en is mooi skerp gesny, sodat die pitte maklik daaraan geryg kan word.

II.

Toe die kinders klaar was, het Ma die pitte gaan stryk, soos sy dit noem. Dit word net in gesmelte vet gesteek en dan gesmeer en mooi reguit getrek en ver genoeg vanmekaar geskuif. Elke stokkie waarmee Ma klaar is, moet Boet en Anna dan sorgvuldig op sy plek gaan neersit. Die plek het Pa in die waenhuis reggemaak. Op twee bokke van hout lê twee lang balke langs mekaar, net ver genoeg vanmekaar af dat die punte van die stokkies daarop kan rus en die kerspitte in die middel afhang.

Onder is droë skaapvelle met die vleiskant na boontoe oopgegooi, sodat die vet wat van die kerse afdrup nie verlore moet gaan nie. Dit word later weer alles afgekrap en saam met die oorskiet-vet vir seep gebruik. Al die stokkies lê nou so op 'n ry en aan een kant lê die stokkie waarop die twee driekoningkerse geryg is. Na die oggendete kon Ma toe met die indoop van die kerse gaan begin. In die middel van die kamer staan 'n groot, wye vat met gesmelte vet. Dit is nie heeltemal vol vet nie. Onderin is warm water, want hy moet altyd tot by die randjie volgehou word, anders kry die kerse lang nekke, soos Ma sê. Elke maal as die vet sak, word daar maar weer 'n bietjie warm water bygegooi om die vat weer vol te maak.

Ma begin by die een punt en doop die stokkies twee-twee in die vat vet. 'n Mens moet die slag hê om dit te doen, anders laat jy die kerse aan mekaar vassit. As Ma anderkant uitkom, is die lagie vet aan die eerstes al koud en kan sy maar weer van vooraf begin indoop. Eers lyk dit of die kerse maar baie stadig dikker word, maar later gaan dit vinniger. Omtrent drie uur na Ma begin indoop het, is al die kerse dik genoeg.

Dan lyk dit alte mooi om so onder die balke in te loer en die vierhonderd vetkerse, kompleet soos wit yskersies, te sien hang.

Anna en Boet het ook maar altyd gehelp: dan moet hulle water bring, dan 'n bietjie vet en elke maal moet hulle versigtig die kerse wat vassit vanmekaar losmaak. Ook moes Anna elke nou en dan vir Ma 'n koppie koffie gaan skink. Na die kerse dan 'n paar uur so gehang het, om goed koud en hard te word, moet dit afgehaal word. Ma gaan op die veldstoeltjie sit. Boet bring die stokkies een vir een aan. Ma trek die kerse versigtig uit, sny die puntjies onder mooi af en reg, en Anna sit op 'n velletjie langs Ma en pak een vir een kers wat klaar reggesny is in die kerskassie.

Die driekonings moet baie versigtig afgehaal word om nie te breek nie. Ma bind om elkeen 'n lintjie waar die drie bymekaar kom en steek dit in die beste blakers. Anna en Boet voel baie in hulle skik, en Ma voel tevrede met haar dag se werk en dink hoelank sy nou weer sal rus van kerse maak.

Boet en Anna wil dit vandag nie meer weet nie, maar dit is tog waar dat hulle so lief was vir vet dat hulle baie keer, so teen skemeraand, in Ma se kamer ingesluip het tot by die kerskassie en, net soos twee skelm muisies, 'n paar happies vet van die kerse afgebyt het.

„Dit is ook niks nie," het Anna eenmaal gesê toe sy gevang word, „ek weet mos dit is skoon; Mammie het dit dan self gemaak."

„Ja," voeg Ma toe by, „maar julle moet darem nie aan meer as een kers per keer eet nie. Dis te skadelik."

MARIA J. VORSTER.

20. Ontwaak, my liefling.

Ontwaak nou, my liefling, gesmelt is die dou,
die miswolkies 't stil-stil verdwyn;
die voëltjies nooi tog so minlik vir jou,
waar die heerlike sonnetjie skyn.
Ontwaak, my liefling, ontwaak! ontwaak!

Van hoeka se tyd sit die duifies en koer,
net jy lê en droom nog en gaap;
die sonnetjie 't vroeg deur jou venster kom loer,
hoekom Babsie so laat lê en slaap.
Ontwaak, my liefling, ontwaak! ontwaak!

Te lank het jy al in die droomland gedraal,
daar ver oor die berge so blou;
Kyk, hier by die droompoort kom Mammie jou haal,
sy verlang al so baie na jou.
Ontwaak, my liefling, ontwaak! ontwaak!

THEO. W. JANDRELL.

21. Die nukkerige seun.

„Eet tog klaar, Paul! Ons sal laat kom vir die skool."

„Dink jy ek sal van hierdie konfyt eet?" vra die seun ewe nors. „Ek wil vyekonfyt hê. Dit sê ek vir jou" en Paul stoot sy bord agteruit, leun met sy elmboë op die tafel en blaas sy mond soos 'n padda op.

„Foei, hoe lelik! O, Paul! skaam jou tog! Niemand hou meer van jou nie!" roep sy sussie vol verdriet uit.

„Jy.... jy! Bly stil!" snou hy haar toe. Annie steur haar toe nie verder aan Paul nie. Sy sit haar hoed op, neem haar boeke en stap skool toe.

Brom-brom staan Paul op. Hy gooi sy stoel om. „Ek eet nie hierdie kos nie," sê hy met 'n lelike stem. Daarop smyt hy sy servet, die mooi wit servet, op die vloer, gryp sy hoed en stap ook skool toe.

Daar groet hy nie een van sy maats nie.

„Môre, oom Brombeer," spot Piet en al die seuns lag hardop.

„Ag moenie," sê Annie en haar oë skiet vol trane. „Paul is so nukkerig van dat hy opgestaan het. Tuis weet tante nie meer wat om met hom aan te vang nie."

„Goed, Annetjie," sê 'n groot seun, „ons sal jou tante 'n bietjie help" en hy gee lang treë na Paul toe.

Opeens lui die klokkie, die kinders vergeet vir Paul en hardloop na die skool toe.

Paul het heeldag so nukkerig gebly. Sy klasonderwyser maak of hy daar niks van merk nie. Hy dink egter: „Hierdie seun gedra hom alte sleg. Hy moet leer om baie hard teen sy humeur te stry. Dit sal vreeslik swaar gaan, maar ek sal hom help. Sy tante sal ek ook gaan sien."

Iemand anders het egter vir Paul teen sy nukkerigheid help stry. Dit het só gebeur: —

Op weg na huis ontmoet Annie en Paul die middag vir ou oom Koot, hulle buurman. Dis al 'n baie ou oom, met 'n lang, spierwit baard. Annie praat beleef en vriendelik met die ou oom, maar Paul trek 'n suur gesig en brom soos altyd, omdat hulle daar stilstaan en praat.

Opeens kyk Oom hom baie skerp en kwaai aan: „Paul is weer nukkerig, nè?" sê hy. „Jy sal nog eendag swaar kry, jou nukkerige vent!"

Paul het niks gesê nie, maar hy het net so'n bietjie bang gevoel vir oom Koot se skerp, kwaai oë.

Die nag toe almal slaap en dit doodstil in die huis is, sien Paul sy deur so stadig oopgaan. Die volgende oomblik staan oom Koot met sy lang, spierwit baard voor sy bed. Sy oë lyk nog net so kwaai en Paul ril van angs. Toe kom daar 'n growwe stemgeluid uit die baard:

„Staan op!"

Paul doen dit. Hy bewe van angs.

„Kyk hier," sê die ou man, „môrevroeg eis ek al hierdie meubels van jou" en hy wys met sy hand die kamer rond. „Pas op, as daar net 'n ietsie verkeerd is."

Daarop verdwyn Oom.

Daar begin die katel rondskuiwe.

„Hier wil ek nie langer staan nie, ek wil die kamer uit," sê die katel. Die katel kon nie deur die deur nie. Toe begin hy vreeslik teen die deur stamp. Die deur kraak en die hout is party plekke al stukkend.

„Katel, Katel! Luister! Luister!" gil Paul.

„Luister jy altemit vir jou tante, brompot?" skree die katel. Opnuut stamp die katel vreeslik teen die deur.

Opeens begin die wastafel rondspring en dans.

„Tafel, o, staan tog stil!" skree Paul.

„Jy... jy! Bly stil!" sê die tafel. „Ek wil spring en dans. Dit sê ek vir jou, nukkebol!"

Weer gee die tafel 'n hoë spring. Die waskom en beker rol af, val teen die katelstyl en spat in honderd skerwe op die vloer.

Toe huil Paul hardop.

„Paul, Paul! word wakker! Wat is dit?" vra sy tante.

„O, Tante!" snik hy, „nooit, nooit weer sal ek brom nie; nooit weer nukkerig wees nie!"

En werklik het Paul van dié dag af baie verbeter. Dit het swaar gegaan, want die seun moes hard teen die slegte, ingewortelde gewoonte stry. Tog het hy geslaag. So gebeur dit dat die meester eendag vir sy tante sê: „Paul gedra hom baie goed in die skool."

„O," verseker Tante, „hy is 'n liewe kind in die huis."

M. KRÜGER.